TIENDEMAAND DANKOFFER

Liewe medegelowige

My dankoffer begin nie by my beursie nie, maar by my lewe wat oorgegee is aan die Here. Ek gee nie my dankoffer vir mense nie. My dankoffer gaan nie oor wetlike voorskrifte nie en ek kan verseker nie die Here daarmee beïndruk of beïnvloed nie. Dit vloei voort uit my lewe wat deur die Here nuut gemaak is.
Ons lees iets hiervan in Psalm 116. Die skrywer van die Psalm vra in vers 12: "Hoe sal ek die Here vergoed vir al sy goeie dade aan my?" En dan skryf hy in vers 17: "Aan U sal ek dankoffers bring, en die Naam van die Here aanroep."

In Deuteronomium 8:17-18 lees ons: "Jy kan dalk dink: my krag en my sterk hande het vir my al hierdie rykdom verwerf. Maar jy moet die Here jou God nie vergeet nie, want dit is Hy wat jou die krag gee om die rykdom te verwerf." (Deut. 8:17-18). Die versoeking is soms groot om te dink dat dit deur jou eie harde werk is dat jy jou hard verdiende geldjies bymekaargemaak het. Die waarheid is egter dat die Here jou seën met krag, gesondheid en geleenthede om 'n inkomste te kry. Daarom is dit 'n voorreg en vreugde om Hom daarmee te dank vir sy goeie dade aan my.

Hierdie jaar nooi ons julle uit om op Sondag, 25 Oktober 2026, jou tiendemaand dankoffer te gee. Kom ons, as God se fontein van liefde, dien saam - dankbaar, blymoedig en tot eer van die Here!

Hoe werk die tiendemaand insameling?

1. Jy kan in die voorportaal van die kerkgebou of die kerkkantoor 'n tiendemaand dankofferkoevert kry wat jy enige tyd kan inbetaal, in die dankoffersakkie kan gooi of by die kerkkantoor kan inhandig. Sondag 25 Oktober 2026 is ons amptelike 10de maand dankoffer sondag.
2. Jy kan ook 'n elektroniese inbetaling in die rekening van die gemeente doen: NG Kerk Kraggakamma, Absa Bank rek nr.1400590091, Tjek Rek, Tak 511 917. Jy moet dit asb. duidelik merk as tiendemaand bydrae.

Ons begroot hierdie jaar vir R 410 000.00 vir die Tiendemaand dankoffer.

Ons wil graag die insameling teen einde November afsluit. Dankie vir jou dankbare diens, harde werk en bydraes deur die jaar.

Mag die Here jou ryklik te seën om ander tot seën te wees!

Baie dankie
Die Kerkraad